Hoe om in geheime skrif te skryf

Graad 3 tot 12

Geheime skrif kan gebruik word om byvoorbeeld ’n skattejag of nagmars meer uitdagend en opwindend te maak. Die verskillende soorte kan aangepas en uitgekies word om dit vir kinders van ’n spesifieke ouderdom te laat werk. Dit kan ook gebruik word om Voortrekkerinligting/-feite interessant oor te dra en in te skerp.

Onderwerpe: Geheime skrif, Skattejag en Nagmars

Stappe

1. **Lettervervanging (A):**

   Skryf die alfabet neer en onder elke letter van die alfabet ’n syfer.

A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K	L	M	N	O	P	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z
1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26

Voorbeeld: "DRAAI LINKS" word geskryf: 4 18 1 1 9 12 9 14 11 19

2. **Lettervervanging (B):** Vervang hoofletters van die alfabet met kleinletters, maar begin op ’n ander plek.

A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K	L	M	N	O	P	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z
n	o	p	q	r	s	t	u	v	w	x	y	z	a	b	c	d	e	f	g	h	i	j	k	l	m

Voorbeeld: "Gevaar" word geskryf trinne.

3. Hoekies en letters



Boodskap: Pasop die molshoop

Stappe

4. **Draai die letters van ’n woord om**, byvoorbeeld:

   Hier is, word - rieh si

5. **Skryf ’n sinnetjie van agter af**, byvoorbeeld “links draai en in hek die by gaan”. Die sin moet lees "gaan by die hek in en draai links".

6. **Maak twee sirkels van verskillende groottes**. Die groter sirkel word in 26 segmente verdeel. Skryf een hoofletter van A tot Z in ’n segment. Doen dieselfde met ’n kleiner sirkel wat ook in 26 dele verdeel word en gebruik kleinletters van a tot z (**Geheime skrif Sirkel**). Druk die twee sirkels op verskillende kleur karton en knip dit netjies uit.

   - Druk die "split-pen" deur die middel van die sirkels met die kleiner sirkel bo.
   - Draai die middelste wiel vinnig, sodra dit stop, kies ’n hoofletter en kleinletter wat bymekaar pas, bv. A=w. Onthou die kombinasie as jou beginpunt vir alle boodskappe.
   - Skryf nou jou geheime boodskap. Maak seker almal weet watter sirkel julle gebruik vir die oorspronklike boodskap. Die groot sirkel met die hoofletter word gebruik vir die boodskap.

   Voorbeeld: die formule A=w is gebruik vir hierdie boodskap. Hoofletters is die oorspronklike sin "HOU KOERS", in geheime skrif is dit "dkq gkano".



Wenke

1. Skryf die boodskap met ’n bleikmiddel. Gebruik ’n fyn kwassie. Hou dan die papier teen die sonlig om die boodskap te kan sien.
2. Doop ’n oorpluisie in suurlemoensap en skryf ’n boodskap op wit papier. Laat dit droog word. Hou die papier waarop jou boodskap geskryf is teen ’n gloeilamp. Moenie die papier te naby hou sodat jou papier brand nie. Hierdie metode vat baie lank. ’n Warm yster (nie stoom nie) kan ook gebruik word. Stryk bo-oor jou boodskap, dit verkleur bruin en so kan jou boodskap gelees word.
3. Skryf ’n boodskap op ’n piesangskil met ’n tandestokkie. Na omtrent ’n uur sal die boodskap verskyn.
4. Die kinders moet vooraf die "sleutel" ken of dit moet gegee word.
5. Die Voriemôl het ’n oulike hulpmiddel vir geheime skrif. Sien die video.

Waarskuwings

1. Hou die boodskap kort en eenvoudig, maar tog duidelik, anders neem die ontsyfering van die boodskap te lank.

Videos

https://youtu.be/wK10TkKp168